# Janurie 2021

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **STRAATWERK:** Die nie-winsgewende organisasie Straatwerk het in die laat 1960's tot stand gekom. Jongmense het Vrydagaande bymekaargekom met 'n gemeenskaplike besorgdheid oor diegene wat deur die samelewing verdryf is, wat gebroke en in nood verkeer en daarna verlang om geliefd te wees. Met 'n geleende bussie, 'n skinkbord met toebroodjies en 'n primusstoof het hulle uitgegaan en die liefde van Christus gedeel. | | | | | **NUWEJAARSDAG** 1   | 2 |
| 3 Deurkollekte: Predikante begeleiding | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
| 10 Deurkollekte: Straatwerk | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 |
| 17 Deurkollekte: Alta du Toit | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 |
| 24 Deurkollekte: BADISA | 25 | 26 | **SKOLE OPEN** 27   | 28 Monte Rosa: Diens om 10:30 | 29 Kantoor-verkoping: Boereworsrolle  | 30 |
| 31 Deurkollekte: Ysterplaat Hartklop Begin. Kinderkerk registrasie by Kampsbaai. **NAGMAAL:** Alle bedieningspunte |  | **Doop:** Skakel die Kerkkantoor of leraars minstens 'n maand voor die doop-geleentheid vir 'n doopvorm en afspraak met die leraar. **Krisisse, begrafnisse, pastoraat, kategese,** ens skakel die kantoor by 021 422 0569. | | |   | |

# Februarie 2021

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5<br>Hartklop kamp 5 – 7 Februarie | 6<br>Hartklop kamp 5 – 7 Februarie |
| 7<br>Deurkollekte: Vroeëkinder-ontwikkeling<br>**Erediens by Noordhoek** | 8 | 9 | 10<br>Kerkraadsvergadering om 19:00 te Kloofstraat 55 | 11 | 12 | 13 |
| 14<br>EERSTE LYDENSWEEK<br>Biddag vir Opvoeding en Onderwys<br>Deurkollekte: Ysterplaat/Maitland | 15 | 16 | 17<br>Aswoensdag: Diens om 13:00 by Groote Kerk | 18<br>Monte Rosa: Diens om 10:30 | 19 | 20 |
| 21<br>TWEEDE LYDENSWEEK<br>Deurkollekte: Teologiese Kweekskool Stellenbosch | 22 | 23 | 24 | 25 | 26<br>Kantoorverkoping: Jaffles<br> | 27 |
| 28<br>DERDE LYDENSWEEK<br>Deurkollekte: Jan Kriel<br>**NAGMAAL:** Alle bedieningspunte | | | | | | |



**Aswoensdag:** Tradisioneel het Lydenstyd op Aswoensdag met 'n vastydperk begin. Aanvanklik was die plaas van as op die kop van 'n ernstige sondaar 'n soort tughandeling. Later het dit 'n meer seremoniële funksie gekry waarin die as, gewoonlik die vorige jaar se palmtakke wat op die voorkoppe van lidmate gesmeer is.
Die kruis is die sentrale simbool van Lydenstyd en herinner aan die kruisiging van Jesus.

**NOORDHOEK**: Erediens op 7 Februarie: Ons vier Nagmaal by Noordhoek. Bring 'n piekniekmandjie en jou swembroek en kom kuier die dag saam met ons. Bring gerus die kinders saam – daar is lekker speelplek. Bring jou eie hout indien jy van die braaigeriewe gebruik wil maak.



# Maart 2021

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5<br>Wêreldbiddag vir Vroue | 6 |
| 7<br>VIERDE LYDENSWEEK<br>Deurkollekte: Gemeente-ontwikkeling | 8 | 9 | 10<br>Kerkraadsvergadering om 19:00 te Kloofstraat 55 | 11 | 12 | 13 |
| 14<br>VYFDE LYDENSWEEK<br>Kaapse Fietstoer<br>GEEN DIENS Kampsbaai<br>Deurkollekte: Straatwerk | 15 | 16 | 17 | 18<br>Monte Rosa: Diens om 10:30 | 19 | 20 |
| 21<br>**MENSEREGTEDAG**<br>SESDE LYDENSWEEK<br>Deurkollekte: Bybelgenootskap | 22<br>**PUBLIEKE VAKANSIEDAG** | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 28<br>PALMSONDAG<br>Deurkollekte: Gemeentehulpfonds | 29<br>Groot Lydensweek om 19:00 in die Groote Kerk | 30<br>Groot Lydensweek om 19:00 in die Groote Kerk | 31<br>**SKOLE SLUIT**<br>Groot Lydensweek om 19:00 in die Groote Kerk<br><br> | | | |

Tydens **Palmsondag** gedenk ons die dag wat Jesus op 'n donkie Jerusalem binne gery het. Honderde mense het van heinde en verre in Jerusalem bymekaar gekom om Paasfees, die grootste fees, te vier. Daar is 'n hele skare van mense wat Jesus toejuig, 'Hosanna!' uitskree en palmtakke swaai. Dis die koning waarop hulle so lank gewag het – die koning wat hulle sou bevry!




**Doop:** Skakel die Kerkkantoor, 021 422-0569 of leraars minstens 'n maand voor die doop-geleentheid vir 'n doopvorm en afspraak met die leraar.



# GROOTE KERK

# April 2021

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **IT'S AMAZING (ZOë TRUST)!** het sy nederige begin in 2000 gehad. Met 'n huis in Badsberg Close in Heideveld en geen idee van die pad vorentoe nie, het hulle in die donker gestruikel op soek na die Lig. Opreg dankbaar dat die Here hulle gevorm het en broodnodige wysheid en 'n helder visie verskaf het.<br>Die gemeenskap wat hulle dien, is al soveel keer seergemaak en hulle het dit in die begin moeilik gevind om vertrou te word, maar deur werk en konsekwentheid is vertroue gewen. Ras, godsdiens en kulturele verskille is nie meer 'n sensitiewe saak nie, nou is hulle geliefd en word aanvaar. | | | | 1<br>Broodbreek om 19:00 in Groote Kerk<br>Monte Rosa: Diens om 10:30 **NAGMAAL** | 2<br>**GOEIE VRYDAG**<br>**NAGMAAL om 09:00 in Groote Kerk**<br>Deurkollekte: SA Kinderhuis | 3<br>Twee Oseane Marathon<br> |
| 4<br>**PAASFEES**<br>GEEN DIENS Kampsbaai<br>Dag van Danksegging en Verootmoediging<br>Deurkollekte: It's Amazing (Zoë Trust) | 5<br>**GESINSDAG** | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11<br>Deurkollekte: Instituut vir Dowes | 12 | 13<br>**SKOLE OPEN**<br><br> | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18<br>Deurkollekte: Vroeëkinderontwikkeling | 19 | 20 | 21<br>Kerkraadsvergadering om 19:00 te Kloofstraat 55 | 22 | 23 | 24 |
| 25<br>Deurkollekte: Buitelandse Sending (Malawi/Zimbabwe/ Mosambiek)<br>GEEN DIENS Kampsbaai | 26<br>**SKOLE VAKANSIEDAG** | 27<br>**VRYHEIDSDAG** | 28 | 29 | 30<br>Kantoorverkoping: Hamburgers<br> | |




Die sentrale simbool van Paasfees en die tyd daarna is lig wat deurbreek. Die opkomende son herinner ons elke dag aan Christus se oorwinning oor die dood. Op Paasssondag en deur die hele Paastyd heen, is die dominante kleure wit en goud – kleure van oorwinning en vreugde. Paassondag en Pinkstersondag het die twee dae geword wat die oudste en belangrikste seisoen in die Christelike kalender omraam. Dit was 'n tydperk van 50 dae.

# GROOTE KERK

# Mei 2021

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **MAGDALENAHUIS** is 'n tehuis vir ongehude moeders. Dit is die sentrum waaruit al BADISA se aannemings- en herkomsnavrae hanteer word en 'n gesamentlike bedieningsaksie van die VGK en NGK | | | | | | 1<br>WERKERSDAG |
| 2<br>Sinodale Bid- en Dankdag.<br>Arbeidsondag<br>Deurkollekte:<br>Arbeidsbediening. | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| 9<br>**MOEDERSDAG**<br>Deurkollekte:<br>Bybelgenootskap<br> | 10 | 11 | 12 | 13<br>**HEMELVAART**<br>Nagmaal Monte Rosa 10:30<br>Groote Kerk om 13:00 | 14 | 15 |
| 16<br>**GEMEENTE-ETE**<br>Deurkollekte:<br>Magdalenahuis<br> | 17<br>**PINKSTERDIENS** om 19:00 by Groote Kerk-sentrum en 10:30 by Monte Rosa | 18<br>**PINKSTERDIENS** om 19:00 by Groote Kerk-sentrum en 10:30 by Monte Rosa | 19<br>**PINKSTERDIENS** om 19:00 by Groote Kerk-sentrum en 10:30 by Monte Rosa | 20<br>**PINKSTERDIENS** om 19:00 by Groote Kerk-sentrum en 10:30 by Monte Rosa | 21 | 22 |
| 23<br>**PINKSTERFEES**<br>GEEN DIENS Kampsbaai<br>**NAGMAAL**: Alle bedieningspunte<br>Deurkollekte: Jeugwerk | 24 | 25 | 26<br>Kerkraadsvergadering om 19:00 te Kloofstraat 55 | 27 | 28<br>Kantoorverkoping:<br>Kerrievetkoek<br> | 29 |
| 30<br>Deurkollekte:<br>Gemeentebediening | 31 | Die tien dae tussen **Hemelvaart en Pinkster** het die karakter van 'n tyd van afwagting verkry. In die NG Kerk familie het dit gelei tot Pinksterbidure, gebaseer op die groot herlewings in die 1860's. Met Pinksterfees word die uitstorting van die Heilige Gees herdenk. Die feit dat die eerste gemeente in Jerusalem as uitvloeisel van die Pinkstergeure tot stand gekom het, gee daartoe aanleiding dat hierdie fees ook gesien word as die herdenking van die "geboorte" van die kerk. Dit is ook die gebruik dat daar op hierdie dag aalmoese aan die armes uitgedeel word. Spesiale klem word op gasvryheid aan vreemdelinge gelê.   | | | | |

# Junie 2021

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **INSTITUUT VIR BLINDES:** Die Skool vir Blindes is in 1881 gestig. Vandag akkommodeer Pionierskool die volgende: blinde leerders, swaksiende leerders, doofblinde leerders, meervoudiggestremde leerders, loopbaanontwikkeling en is steeds 'n baken van hoop vir baie ouers en leerders.<br>Die Instituut vir Blindes dien as borgliggaam van Pionierskool. Die missie van die Instituut is om persone wat blind, swaksiende of doofblind is, insluitend persone met addisionele gestremdhede, deur middel van opvoeding, opleiding, ontwikkeling en sorg te bemagtig tot 'n vervulde lewe en totale burgerskap. | | | | | |  |
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6<br>Biddag vir Ekologie<br>Deurkollekte: BADISA | 7 | 8 | 9 | 10<br>Monte Rosa: Diens om 10:30 | 11 | 12 |
| 13<br>Biddag vir Jeug en kategese<br>Deurkollekte: Jeug | 14 | 15 | 16<br>**JEUGDAG** | 17 | 18 | 19 |
| **VADERSDAG** 20<br>**NAGMAAL:** Alle bedieningspunte<br>Nasionale Dag vir Blindes<br>Deurkollekte: Instituut vir Blindes<br> | 21 | 22 | 23<br>Kerkraadsvergadering om 19:00 te Kloofstraat 55 | 24 | **SKOLE SLUIT** 25<br> | 26 |
| 27<br>Deurkollekte: Evangelie aan die Seelui | 28 | 29 | 30 | **Doop:** Skakel die Kerkkantoor by 021 422-0569 of leraars minstens 'n maand voor die doop-geleentheid vir 'n doopvorm en afspraak met die leraar. | |  |

GROOTE KERK

# Julie 2021

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **FETALE ALKOHOLSINDROOM (FAS)** word veroorsaak wanneer 'n swanger vrou tydens haar swangerskap alkohol inneem. Die woord "sindroom" dui op 'n hele omvattende reeks toestande waaraan die baba uiteindelik kan ly, wat alles na alkoholgebruik tydens die swangerskap herlei kan word. FAS is die ergste vorm van fetale alkoholspektrum-afwykings. Fetale alkoholsindroomafwykings dui op die hele spektrum van afwykings wat kan voorkom wanneer 'n baba in die baarmoeder aan alkohol blootgestel word. Dit is wêreldwyd 'n groot probleem. Suid-Afrika het die hoogste aangemelde FAS-syfer te wêreld. | | | | 1 | 2 | 3 |
| 4<br>Deurkollekte: Straatwerk | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11<br>Deurkollekte: Studentebearbeiding | 12 | **SKOLE OPEN** 13<br> | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18<br>Deurkollekte: FAS (Fetale Alkohol-sindroom) | 19 | 20 | 21 | 22<br>Monte Rosa: Diens om 10:30 **NAGMAAL** | 23 | 24 |
| 25<br>Deurkollekte: Ysterplaat-uitreik.<br>**NAGMAAL:** Alle bedieningspunte | 26 | 27 | 28<br>Kerkraadsvergadering om 19:00 te Kloofstraat 55 | 29 | 30<br>Kantoorver-koping: Pannekoek<br> | 31 |




**Doop:** Skakel die Kerkkantoor of leraars minstens 'n maand voor die doop-geleentheid vir 'n doopvorm en afspraak met die leraar.

**Krisisse, begrafnisse, pastoraat, kategese**,ens skakel die kantoor by 021 422 0569.



GROOTE KERK

# Augustus 2021

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1<br>Deurkollekte: CAD | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8<br>Gesamentlike diens by Groote Kerk om 10:00<br>Deurkollekte: Christelike Lektuurfonds<br>GEEN DIENS Kampsbaai | 9<br>NASIONALE VROUEDAG | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15<br>Deurkollekte: Gemeente-ondersteuningsfonds | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22<br>Deurkollekte: Hospivision | 23 | 24 | 25<br>Kerkraadsvergadering om 19:00 te Kloofstraat 55 | 26<br>Monte Rosa: Diens om 10:30 | 27<br>Kantoorverkoping: Sosaties en slaai  | 28 |
| 29<br>Bybelsondag<br>Deurkollekte: Bybelgenootskap | 30 | 31 | | | | |

**DIE BYBELGENOOTSKAP** van Suid-Afrika beywer hulle om 'n bekostigbare Bybel aan elkeen te voorsien in sy eie taal en geskikte formate sodat elkeen die lewegewende boodskap van die Woord kan ervaar. Vertalings in Afrikaans is in 1933, 1953 en 1983 gedoen.



**VROUEDAG:** Hierdie dag gedenk die nasionale optog van vroue op hierdie dag in 1956 om beswaar te maak teen wetgewing wat Afrikane verplig het om 'n pas te dra. Die pas was 'n spesiale dokument wat swartmense se beweging gedurende die apartheidstydperk beperk het. Soek na God, nie geluk nie – dit is die fundamentele reël van meditasie. Indien jy God alleen soek, sal jy geluk vind: Dit is 'n belofte. Dietrich Bonhoeffer.

# GROOTE KERK

# September 2021

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5<br>Nasionale Biddag vir Dowes<br>Deurkollekte: Bediening aan die Dowes | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
| 12<br>Leprosedag<br>Toerustingsondag<br>Deurkollekte: Leprose<br>**NAGMAAL**: Alle bedieningspunte | 13 | 14 | 15 | 16 | 17<br>**LENTETEE** vir bejaardes bo 65<br> | 18 |
| 19<br>Deurkollekte: Straatwerk | 20 | 21 | 22 | 23<br>**SKOLE SLUIT**<br><br> | 24<br>**ERFENISDAG**<br><br> | 25 |
| 26<br>Deurkollekte: Bediening aan die Jode<br>GEEN DIENS Kampsbaai | 27 | 28 | 29<br>Kerkraadsvergadering om 19:00 te Kloofstraat 55 | 30<br>Monte Rosa: Diens om 10:30 | | |

**BYBEL VIR DOWES:** Dowes deur die wêreld, en veral in Suid-Afrika, het baie lank al die behoefte aan ‘n Bybel wat maklik is om te verstaan, veral omdat baie begrippe abstrak is en vir baie mense moeilik is om te verstaan. In die vroeë 1908’s is by die De La Bat Gemeente vir Dowes in Bellville begin om boeke van die Bybel, beginnende by die Evangelis, te vertaal in maklik leesbare en verstaanbare Afrikaans. Dit het gelei tot die druk van die eerste Bybel vir Dowes in 2007. So gewild was die Bybel dat die tweede oplaag reeds in 2008 die lig gesien het. Aangesien die Bybel maklik en duidelik was om te verstaan het selfs horendes die Bybel aangeskaf.



# GROOTE KERK

# Oktober 2021

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Die **ALTA DU TOIT-SKOOL** bied 'n ondersteunende en verrykende omgewing waar elke leerder se potensiaal ontwikkel word en die groei van elke personeellid aangemoedig word. Leerders word voorberei op hul lewensreis met inagneming van individuele uitdagings. | | | | | 1 | 2 |
| 3<br>Biddag vir Bejaardes<br>Deurkollekte: Monte Rosa | 4 | **SKOLE OPEN** 5<br><br> | 6 | 7 | 8 | 9 |
| 10<br>Deurkollekte: Bybelgenootskap | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 |
| 17<br>Biddag vir Gesondheidsdienste.<br>Deurkollekte: Hospitaalbearbeiding | 18 | 19 | 20<br>. | 21 | 22 | 23<br>**KERMIS OM 09:00** |
| 24<br>Deurkollekte: Alta du Toit | 25 | 26 | 27<br>Kerkraadsvergadering om 19:00 te Kloofstraat 55 | 28<br>Monte Rosa **NAGMAAL** om 10:30 | 29 | 30 |
| 31<br>Hervormingsfees<br>Deurkollekte: Straatwerk<br>**NAGMAAL:** Alle bedieningspunte | | | | | | |

Badisa

**Monte Rosa:** 'n Tehuis vir bejaardes is 'n BADISA-program, wat binne ons gemeentegrense geleë is. Hulle verskaf 'n tuiste aan ongeveer 111 bejaardes. E-pos:monte_rosa@xsinet.co.za, tel 021 423 8173



GROOTE KERK

# November 2021

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7<br>Deurkollekte:<br>Vroeëkinderontwikkeling | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| 14<br>**NAGMAAL** by alle bedieningspunte<br>Deurkollekte: Straatwerk | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 21<br>Biddag vir Beskermingsdienste<br>Kerssangdiens om 17:00 in die Groote Kerk<br>Deurkollekte: Ysterplaat-Uitreik | 22 | 23 | 24<br>Kerkraadsvergadering om 19:00 te Kloofstraat 55 | 25<br>Monte Rosa: Diens om 10:30 | 26<br>Kantoorverkoping: "Slapchipsrolle"<br> | 27 |
| 28<br>Eerste Sondag van Advent<br>Biddag in aansluiting by Wêreldvigsdag.<br>Deurkollekte: CABSA<br>Kampsbaai Kerssangdiens | 29 | 30 | | | | |




Ons begin **Adventstyd** op die vierde Sondag voor Kersfees – gewoonlik dus einde November of begin Desember. Dit eindig op 24 Desember (Kersaand). Kerstyd begin op 25 Desember met Kersfees. Advent beteken "koms" en dui op die koms en geboorte van Christus (maar wys ook op sy wederkoms). Die kleure van advent is gewoonlik koningsblou of helderblou (en silwer, word soms bygevoeg!

GROOTE KERK

# Desember 2021

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **JAN KRIEL INSTITUUT:** Jan Krielskool (sedert 1937) is die 3de oudste skool vir "kinders met spesiale behoeftes". Jan Kriel is bekroon as die beste "spesiale" skool in Suid-Afrika en bekroon met internasionale "blou plaak" status vir die bydra tot onderwys in Suid-Afrika. Dit is ook die enigste skool waar leerders met gestremdhede matriek in Afrikaans kan slaag. | | | 1 | 2 | 3 | **4** |
| 5<br>Tweede Sondag van Advent<br>Deurkollekte: Vroeëkinderontwikkeling | 6 | 7 | 8<br>**SKOLE SLUIT**  | 9 | 10 | 11 |
| 12<br>Derde Sondag van Advent.<br>Deurkollekte: Ysterplaat-Uitreik<br>GEEN DIENS Kampsbaai | 13 | 14 | 15 | 16<br>**VERSOENINGSDAG** | 17 | 18 |
| 19<br>Vierde Sondag van Advent<br>Deurkollekte: Jan Kriel<br>GEEN DIENS Kampsbaai | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25<br>**KERSFEES**<br>Diens om 09:00 in Groote Kerk.<br>Kollekte: SA Kinderhuis<br>GEEN DIENS Kampsbaai |
| 26<br>**WELWILLENDHEIDSDAG**<br>Deurkollekte: Teologiese Kweekskool Stellenbosch<br>GEEN DIENS Kampsbaai | 27<br>**OPENBARE VAKANSIEDAG** | 28 | 29 | 30 | 31 | |



Kertyd begin op Kersfees, 25 Desember (of met sonsondergang op Kersaand 24 Desember) en duur twaalf dae tot op 5 Januarie. Die "kers" van Kersfees dui oorspronklik op Christus (soos in Kristfest of ook Christmas. Die kleure van Kerstyd is goud en wit.

